**Die vierde gebod: Gedenk die sabbatdag (OP177)**

**Eks 20:8-11, Deut 5:12-15, Gen 2:1-3, Mark 2:23-28**

**9 Junie 2024**

Ons is besig om die wet van die Here te oordink. Laasweek het ons stilgestaan by die Here van die wet. Omdat die Here heilig is, is Sy wet ook heilig, en Sy wet definieer vir ons hoe 'n heilige lewe lyk. Die verskillende gebooie in die 10 gebooie is nie maar net lukraak voorskrifte van die Here nie. Nee, elke gebod beskryf vir ons iets van die karakter van die Here. Ons het laasweek gesien hoe baie ons van die Here leer deur te besin wat die onderskeie gebooie oor die Here openbaar. Ons het ook opgelet dat daar verskeie van die karaktereienskappe van die Here is waarin ons as gelowiges nooit sal deel nie – dit is juis wat die Here so aanbiddenswaardig maak, en daarom fokus die eerste gedeelte van die wet juis op ons aanbidding van die Here. Daar is egter ander eienskappe van die Here waarin ons as gelowiges wel moet deel deur dieselfde eienskappe te vertoon – selfs al is dit gebrekkig. Dit kom tipies na vore in ons optrede teenoor ons naaste, en sodoende lewer ons dan ook getuienis aan die wêreld oor hoe die Here is.

Alhoewel ek nie beplan om by elkeen van die tien gebooie in detail stil te staan nie, het ek dit tog goed gedink om wel by die vierde gebod stil te staan – dit is die gebod wat bepaal dat ons die sabbatdag moet gedenk. Daar is verskeie redes hoekom ek geoordeel het dit maak sin om hierby stil te staan: Enersyds is dit so dat die geldigheid van die vierde gebod dikwels bevraagteken word. Ek het twee preke gelede gekyk na die Nuwe Testamentiese perspektief op die tien gebooie, en daar geredeneer die Nuwe Testament erken steeds die 10 gebooie as die morele wet van die Here in die nuwe verbond. Daar word egter soms geredeneer dat die vierde gebod 'n uitsondering is, selfs al sou dit waar wees van die ander 9 gebooie dat hulle steeds geldig is in die nuwe verbond. Argumente wat aangevoer word ter ondersteuning van hierdie siening is die volgende: Daar word beweer dat die vierde gebod nooit in die Nuwe Testament herhaal word of bevestig word nie, en daarom kan ons nie aanneem dat dit steeds geldig is nie. Daar word geredeneer die sabbatdag was net nog een van die Ou Testamentiese feeste (soos die paasfees of die loofhuttefees), en siende dat hierdie feeste in die Nuwe Testament afgeskaf is omrede hulle inhoud vervul is met Jesus se koms en Sy sterwe, daarom is dit ook geldig vir die sabbatdag. Immers sê Kol 2:16-17 "Moet dus nie dat iemand julle oordeel oor wat julle eet of drink, of oor 'n fees, 'n nuwemaansfees of 'n sabbat nie. Hierdie dinge is net 'n voorafskaduwing van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus". Sien jy: die sabbat word saam met voorskrifte oor eet en drink en nuwemaansfeeste geoordeel. Al die ander is afgeskaf na Christus se koms – dus moet dit ook waar wees van die sabbatdag. Boonop word daar ook geredeneer dat Jesus in Mark 2 Sy dissipels se optrede verdedig het toe hulle op 'n sabbatdag are gepluk het om te eet. Jesus het toe gesê: "Die sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die sabbat nie." Dit lyk dus of die mens mag besluit hoe om die sabbat te gebruik. Nodeloos om te sê, ondersteun ek nie hierdie siening nie, en hoop dat dit uit vandag se oordenking duidelik sal word.

Daar is ook nog ander redes hoekom ek die vierde gebod wil oordink: As jy kyk na hoe mense hulle Sondae deurbring, kry jy die indruk dat hulle nie die vierde gebod respekteer nie. Selfs onder gelowiges wonder 'n mens of hulle nog die vierde gebod respekteer: Baie sogenaamde gelowiges woon nie eredienste gereeld by nie. Baie gemeentes het met verloop van tyd aanderedienste afgestel. En vir baie wat nog eredienste bywoon, is dit al wat van die sabbatdag oorgebly het – die res van die Sondag word of gewy aan passiewe rus, of ander aktiwiteite soos sport of uitstappies of werk of inkopies. Klop dit met die onderhouding van die vierde gebod?

Kom ons kyk na 'n paar plekke in die Bybel waar ons van die Sabbatdag lees.

<u>Die vierde gebod: Eks 20:8-11</u>

Die vierde gebod begin met die stelling: "Gedenk die sabbatdag". "Gedenk" beteken om te dink aan, oftewel om te onthou. Dit beteken jy span jou doelbewus in om nie die sabbatdag te vergeet nie, jy span jou in om dit te onthou. Die sabbatdag was reeds in plek voor die Here by Sinai die tien gebooie aangekondig het – onthou in Eks 16 het ons gelees van die manna wat die Here vir die volk gegee het om te eet – en daar was spesifieke opdragte oor hoe hulle op die sesde dag dubbel soveel moes optel, omdat daar op die sabbatdag nie manna was om op te tel nie – sodat die volk sodoende die sabbatdag kon gedenk.

Wat beteken die woord "sabbat"? Dit beteken om op te hou, of om te stop. Wat die gebod bepaal is dat ons moet ophou om te werk, soos wat ons op die ander dae moet doen. Let op: die vierde gebod verbied nie werk nie – trouens dit gebied ons moet werk. Daar is niks mee verkeerd om te werk nie. Ons moet werk vir ses dae, en dan moet ons op die sewende dag ophou werk en rus. Let op: die betekenis van die woord sabbat het geen verbintenis met "sewe" nie – die betekenis van die woord is rus, d.w.s. ophou om te werk. Alhoewel "sabbat" nie "sewe" beteken nie, bepaal die vierde gebod wel die verhouding tussen werk en rus: 6 dae werk, 1 dag rus – dus 1 uit sewe dae moet gerus word. Die vierde gebod bepaal nie dat die rusdag juis op die sewende dag moet wees nie – dit bepaal net: werk vir 6 dae, en dan op die sewende dag na die ses dae van werk, moet jy rus. Dit word onderstreep deur die feit dat daar tydens die jaarlikse feeste dae is wat as sabbatte onderhou moes word wat nie noodwendig elke jaar op die sewende dag van 'n week geval het nie.

Die vierde gebod bepaal ook dat die rus nie net vir jouself moet geld nie – nee, dit moet ook geldig wees vir almal wat deel is van jou huishouding, soortgelyk aan die voorskrif vir die besnydenis. As jy dus 'n gelowige is, moet jy elke sewende dag rus, en so ook die lede van jou huishouding, insluitend jou slawe.

Wat is volgens die vierde gebod die doel met die sabbatdag? Die doel is om die sabbat heilig te hou. Om te heilig beteken om af te sonder. En ons verstaan die dag word afgesonder van die ander dae deurdat ons nie op die sabbatdag werk soos op die ander dae nie, maar wel rus. Vers 10 voeg egter by dat die sabbatdag ook 'n dag moet wees "ter ere van die Here jou God". Wel, onthou die Here is heilig, daarom is Sy wet ook heilig, dus is die vierde gebod ook heilig, en as die sabbatdag ook geheilig moet word, dan volg dit noodwendig dat die dag tot eer van die Here moet wees. Elke sewende dag moet dus 'n dag wees tot eer van die Here – 'n dag wat aan die Here gewy word. Natuurlik moet gelowiges elke dag tot eer van die Here leef – ook op die ses dae as hulle werk. Maar elke sewende dag is in besonder aan die Here gewy.

Wat is die rede vir hierdie voorskrif om elke sewende dag te rus en aan die Here te wy? Wel, dit is wat die Here self gedoen het: Hy het in ses dae die hemel en die aarde en alles daarin gemaak, en toe het Hy op die sewende dag gerus. Dit is natuurlik in lyn met wat ons in Gen 2:1-3 lees – kom ons kyk kortliks daarna.

<u>Die instelling van die sabbatdag: Gen 2:1-3</u>

Daar is 'n preek van 26 Maart 2023 op my blog wat spesifiek handel oor hierdie verse – ek gaan die inhoud van daardie preek net kortliks hier opsom. In hierdie verse het ons 'n beskrywing van die aanvanklike instelling van elke sewende dag as rusdag, oftewel as sabbatdag.

In Gen 1 lees ons dat God in ses dae alles geskep het. Aan die einde van elke skeppingsdag lees ons "En dit was aand en dit was oggend – 'n soveelste dag". Ons lei dus af dat God elke dag geskep het

tussen die oggend en die aand, terwyl daar nie skeppingswerk tussen die aand en die oggend plaasgevind het nie. God het dus op elk van die ses skeppingsdae gedurende die dag geskep, en dan oornag gerus. Na ses dae was Sy skeppingswerk klaar, en toe het God gerus van Sy skeppingswerk, want dit was klaar. Die sewende dag word nie afgesluit met die stelling "En dit was aand en dit oggend" nie – dit beteken dus dat die sewende dag steeds nie afgesluit is nie, God rus dus steeds van Sy skeppingswerk. Natuurlik maak dit sin, want God se skeppingswerk was klaar, daarom rus Hy steeds van Sy skeppingswerk. Dit beteken nie dat God sedert die afhandeling van die ses skeppingsdae onaktief is nie – in Joh 5:17 sê Jesus: "My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk". God rus dus steeds van Sy skeppingswerk, maar Hy is besig met ander werk – Hy is besig met Sy verlossingswerk, soos wat dit ontvou in die openbaringsgeskiedenis van die Bybel, en in die wêreldgeskiedenis tot met Jesus se wederkoms. Kan ek opsom: God het geskep en gerus, geskep en gerus, ... vir 6 dae lank, en sedertdien rus God van Sy skeppingswerk, terwyl Hy werk aan Sy verlossingswerk.

Maar tydens die skeppingsweek het die Here ook aan die mens verskeie skeppingsopdragte gegee: Hulle moet heers oor die diere, hulle moet die tuin bewerk en bewaak, en hulle moet die aarde onderwerp. Ek kan nie nou weer dit alles in detail oordink nie: maar dit beteken die mens moet in sy daaglikse werk die skepping bestuur (dit is: heers oor die skepping), hy moet die Here se heiligdom in stand hou (dit is: die tuin bewerk en bewaak) en ook uitbrei (dit is: die aarde onderwerp). Maar die Here het ook die sabbatdag ingestel toe Hy op die sewende dag gerus het. Die gevolg is dat die mens nou vir ses dae moet werk aan die uitvoer van sy skeppingsopdragte, en dan op die sewende dag moet hy rus van hierdie werk, en dan weer vir 6 dae werk, en dan weer op die sewende dag rus. Hierdie ritme moet volgehou word, tot die mens sy skeppingsopdragte afgehandel het. Netsoos God gerus het van Sy skeppingswerk toe dit klaar was, en netsoos Hy steeds rus daarvan, kan die mens ook verwag om te rus wanneer sy werk aan die skeppingsopdragte voltooi is – en daardie rus is ook 'n rus wat nie ophou nie, soos wat God se rus van Sy skeppingswerk nie ophou nie.

Onderhouding van die sabbatdag, gaan dus nie net terug tot met die aankondiging van die 10 gebooie nie, nee, dit gaan terug tot by die skepping. Dit is deel van die skeppingsopdragte. Daarom moet mens baie versigtig wees om te wil redeneer die sabbatdag het in die nuwe verbond verval. Geen ander skeppingsopdrag het in die nuwe verbond verval nie – die mens moet steeds heers, die heiligdom bewerk, bewaak en uitbrei, die huwelik geld steeds, die mens moet steeds vermeerder en die aarde vul. Netso, geen ander gebod in die 10 gebooie het in die nuwe verbond verval nie. Hoekom sou dit dan die geval wees met die sabbatdag? As dit waar sou wees, sou die Skrif dit vir ons moes verduidelik – soos wat die Skrif verduidelik wat wel verander in die nuwe verbond is dat die wet op die harte van mens geskryf gaan word. Maar die Skrif verduidelik nie dat die sabbatdag in die nuwe verbond verval het nie – daarom kan ons aanneem dit duur steeds voort, soos die ander skeppingsopdragte.

<u>Die vierde gebod: Deut 5:12-15</u>

In Deut 5 word die tien gebooie herhaal, insluitend ook die vierde gebod. Die gebod is bykans woordeliks dieselfde as in Eks 20, behalwe dat die motivering wat gegee word waarom die sabbatdag gehou moet word, verskil. Waar Eks 20 verwys na die feit dat die Here op die sewende dag gerus het na Sy skeppingswerk voltooi was, redeneer Deut 5 dat die sabbatdag gehou moet word, want die Here het die volk, wat slawe was in Egipteland, daaruit gelei met 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm. Hoekom moes die volk hulle verlossing uit Egipte in gedagte hou as hulle die sabbatdag onderhou? Wel, in Deut 12:10 lees ons: "Maar wanneer julle die Jordaan oorgesteek het, en in die land woon wat die Here julle God vir julle as erfenis gaan gee, en Hy vir julle rus gee van al julle vyande in die omtrek , en julle veilig woon,...". Sien jy die punt: die verlossingswerk van die Here

werk na rus toe: Die volk is uit Egipte verlos, en hulle is op pad na die beloofde land toe, waar hulle gaan rus. Die doel met die vierde gebod is dat die volk moet dink aan hulle verlossing uit Egipte, en aan die rus wat vir hulle voorlê wanneer hulle in die beloofde land aankom.

Maar kom ons voeg nou Heb 4:8-11 hierby. Hier lees ons dat bo en behalwe die rus waarin Josua die volk ingelei het in die beloofde land, is daar steeds nog 'n sabbatsrus vir die volk van God, d.w.s. vir die gelowiges. Hierdie rus, is natuurlik die ewige rus wat ons as gelowiges in die hiernamaals gaan geniet. Ons moet dus die sabbatdag gebruik om te dink oor hierdie rus wat vir ons voorlê.

Onthou nou wat ons vroeër gesien het: Die Here het op die sewende dag, gerus van Sy skeppingswerk, maar sedertdien werk Hy aan Sy verlossingswerk. Eks 20 sê ons moet die sabbatdag hou – want God het op die sewende dag gerus van Sy skeppingswerk. Deut 5 sê ons moet die sabbatdag hou, want God is besig met Sy verlossingswerk – waarmee Hy juis besig is sedert Hy begin rus het van Sy skeppingswerk. Ons moet dus die sabbatdag gedenk – enersyds om terug te dink aan waar ons vandaan kom – ons is deur die Here God geskep, en andersyds moet ons die sabbatdag gedenk om te dink aan ons verlossing en waarheen ons op pad is – dit is, na die ewige rus wat die Here voorberei het vir elkeen van Sy kinders. Die inhoud van ons sabbatdagonderhouding moet dus die werk van die Here wees – van ons skepping, deur al die stappe in ons verlossing, tot met die rus wat vir ons wag.

Kom ons dink net weer vir 'n oomblik aan die argument dat die sabbatdag ook afgeskaf is soos die ander Ou Testamentiese feeste afgeskaf is. Daar is egter 'n verskil tussen die sabbatdag en die ander feeste. Nie net is die sabbatdag reeds vanaf die skepping ingestel nie (anders as die ander Ou Testamentiese feeste), maar die ander Ou Testamentiese feeste is in Christus vervul: Dink aan die jaarlikse pasga – Jesus het dit vervul, Hy is die paaslam. Dink aan die groot versoendag – Jesus het dit vervul, Sy bloed het reeds gevloei, Hy het reeds gesterf as die sondeoffer. Dink aan die fees van die weke, oftewel die pinksterfees – dit is reeds vervul, die Heilige Gees is reeds uitgestort. Daarom is al daardie feeste in die nuwe verbond afgeskaf. Maar met die sabbat is dit anders: Soos Heb 4 sê, ons sien steeds uit na die sabbatsrus. Ons moet steeds dink aan waar ons vandaan kom, en waarheen ons op pad is. Ons moet steeds dink aan God se skeppingswerk, en aan Sy verlossingswerk wat sal uitloop op daardie rus. Maar ons is steeds op pad soontoe – ons sien steeds uit daarna. Daarom het ons steeds die sabbat nodig.

<u>Die plek van die vierde gebod in die 10 gebooie</u>

Kom ons besin vir 'n oomblik oor waar die vierde gebod in die tien gebooie inpas: Natuurlik is dit deel van die eerste deel van die tien gebooie wat handel oor ons verhouding met die Here. Kom ons dink vir 'n oomblik oor die drie gebooie wat dit vooraf gaan: Die eerste gebod bepaal dat ons net die Here God mag aanbid, want Hy is die enigste God. Boonop is Hy die Skeppergod asook die Verlossergod. Hy is alleen aanbiddenswaardig. Die tweede gebod bou hierop voort: Omdat Hy die enigste God is, omdat Hy is wie Hy is, omdat Hy is soos Hy is, daarom is dit totaal onaanvaarbaar om van Hom 'n gesnede beeld te maak. Enige gesnede beeld sal Sy karakter en wese skade aandoen. Nee, ons moet Hom in Sy volle grootheid, in Sy volle kompleksiteit, in Sy volle wese aanbid – soos wat ons leer Hy is, juis uit Sy werk. Ons leer dit uit Sy skeppingswerk – Sy wysheid, Sy almag, Sy ewigheid, Sy voorsiening, en nog vele meer eienskappe. Ons leer dit ook uit Sy verlossingswerk – Sy opofferende liefde, Sy genade, Sy heiligheid, Sy regverdigheid, Sy toorn oor sonde, en nog vele meer eienskappe. Gebod 3 eis dat ons hierdie grootheid en kompleksiteit van Sy wese in gedagte moet hou, selfs as ons net oor Hom of met Hom praat.

Sien jy die punt? Die Here wil aanbid word. Hy moet aanbid word – want Hy is eenvoudig aanbiddenswaardig. Maar Hy wil met inhoud aanbid word, Hy wil dat ons sal verstaan wie Hy is wanneer ons Hom aanbid. Hy wil hê ons moet besin oor hoe Hy is en wat Hy doen. Hy wil hê ons moet Hom leer ken uit Sy werk – al Sy werk. Dit verg inspanning en toewyding van ons.

Maar Hy verwag meer van ons: Ons moet ook nog oor die skepping heers, ons moet Sy heiligdom bewerk en bewerk, ons moet Sy heiligdom uitbrei. En daarom gee Hy vir ons die vierde gebod:

- Ses uit elke sewe dae om te heers oor die skepping, om Sy heiligdom te bewerk en bewaak, om Sy heiligdom uit te brei.
- Elke sewende dag is afgesonder en geheilig. ‘n Dag waarop ons vir ‘n oomblik die ander skeppingsopdragte tydelik opsy moet sit. ‘n Dag ter ere van die Here. ‘n Dag om te gedenk – Hy is die Skepper, met al die implikasies wat dit inhou. ‘n Dag om te gedenk – Hy is die Verlosser, met al die implikasies wat dit inhou. ‘n Dag om te gedenk aan daardie ewige rus wat voorlê vir Sy volk. ‘n Dag om met dit alles in ons gedagte, Hom te aanbid en te verheerlik. Gedenk die sabbatdag deur dit heilig te hou ter ere van die Here jou God!

<u>Het Jesus die sabbatdag opgehef? Mark 2:23-28</u>

Kom ons dink weer oor wat in Mark 2:23-28 gebeur het. Jesus en Sy dissipels het op ‘n sabbatdag deur gesaaides geloop. Die dissipels het toe in die loop van die are gepluk – sekerlik met die doel om te eet. Dit het die Fariseërs ontstel – want, volgens hulle, was dit werk om are te pluk, en op ‘n sabbatdag mag daar nie gewerk word nie. Hulle het die dissipels se optrede gesien as ‘n oortreding van die vierde gebod, of eerder van hulle interpretasie van die vierde gebod. In vers 27 reageer Jesus hierop, en sê vir die Fariseërs: “Die sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die sabbat nie”. Wat het Jesus hiermee bedoel? Wel, ons het mos nou gesien wat die doel van die Here met die sabbatdag is: Dit is ‘n dag wat opsy gesit moet word om te dink oor die Here en Sy werk, ‘n dag wat gebruik moet word om die Here te aanbid op ‘n manier wat Hy waardig is. Die sabbat is ‘n hulpmiddel wat die Here vir die mens gee. Op hierdie dag kan ons ons ander verantwoordelikhede tydelik opsy skuif – om op die Here te fokus. Die sabbat is ‘n hulpmiddel vir die mens, sodat die mens hom kan verdiep in die Here en Sy werk, sodat die mens die Here kan verheerlik met inhoud en op ‘n manier wat die Here behaag. Die sabbat help die mens in sy diens aan God. Die sabbat is gemaak vir die mens. Dit is ‘n reuse verskil van die Fariseërs se siening: vir hulle was geen werk op die sabbat die einddoel. Die mens moes die sabbat dien. Die mens was daar vir die sabbat. Nee, sê Jesus, die einddoel is nie om net nie te werk op die sabbat nie, die doel is om die sabbat te gebruik om die Here te aanbid. Die sabbat is vir die mens, die sabbat is ‘n hulpmiddel vir die mens. In vers 28 onderstreep die Here die beginsel: Die Seun van die mens is ook Here van die sabbat – Hy heers ook oor die sabbat, Hy moet geëer word, nie die sabbatdag as sulks nie. Die sabbatdag is ‘n hulp vir die mens in hulle diens en aanbidding van die Here. Het die Here Jesus dus hier die sabbatdag opgehef? Allermins. Hy het bloot die gebrekkige interpretasie van die Fariseërs afgewys. Hy het die nuttige gebruik van die sabbatdag onderstreep. Die sabbatdag se fokus is nie om te verhoed dat iemand are pluk as hy deur die gesaaides loop nie, die fokus is om die dag te gebruik ter ere van die Here.

Dink oor die volgende: God het in ses dae die hemel en die aarde geskep, en toe, op die sewende dag, het Hy gerus van Sy skeppingswerk – want dit was klaar. Sedertdien werk Hy aan Sy verlossingswerk. ‘n Belangrike deel van Sy verlossingswerk is dat Jesus na die aarde moes kom as Verlosser. In die volheid van die tyd het Hy gekom. En Hy is eventueel gekruisig – op die sesde dag. Kort voor die einde van die dag, het Hy uitgeroep: “Dit is volbring”, kan ons maar sê: “Dit is klaar”. Die deel van Sy verlossingswerk hier op aarde, was klaar. En toe sterf Hy en Hy word begrawe. En toe breek die sabbatdag aan – en Jesus rus, want Sy verlossingswerk hier was klaar – soos wat God gerus

het toe Sy skeppingswerk klaar was, en ook soos wat ons sal rus as ons werk aan ons skeppingsopdragte klaar is.

Op die eerste dag, na die sabbatdag, op die Sondag, staan Jesus op. In Luk 24 lees ons hoe Hy die Emmausgangers op daardie Sondag leer hoe Hy die Skrif vervul het. Op dieselfde Sondag verskyn Hy aan Sy dissipels en begin om hulle te leer. Thomas was nie daar nie. Op die volgende Sondag verskyn Jesus weer aan hulle en aan Thomas – dan leer Hy juis vir Thomas. Op Pinkster Sondag word die Heilige Gees uitgestort – met die doel om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Sien jy dit? Al hierdie gebeure – Jesus se lering, die werk van die Heilige Gees – is gemik daarop om die Here en Sy werk beter te leer ken. Maar dit is juis die aktiwiteit waarop gefokus moet word op die sabbatdag. Dit is geen wonder dat die sabbatdag in die Nuwe Testament verskuif het na die eerste dag van die week nie.

<u>Hoe moet ons die sabbatdag deurbring?</u>

Die laaste aspek waarby ek vandag wil stilstaan, is: Hoe moet ons die sabbatdag deurbring? Vir die doel wil ek erkenning gee aan Michael Barret vir wat hy hieroor skryf. Blaai saam met my na Jesaja 58. Ek wil fokus op verse 13-14. Maar dit is nodig dat ons ‘n idee vorm van die inhoud van die voorafgaande verse. Die Here is self aan die woord in die hele hoofstuk.

- Vers 1: Die Here maak dit duidelik dat daar sonde onder Sy volk voorkom, en Hy wil dit aan hulle uitwys.
- Vers 2: Die Here sê die volk raadpleeg Hom dag na dag, hulle begeer kennis van die Here se weë. Die Here sê hulle tree op soos ‘n nasie wat vra na Sy regverdige beslissings – klink belowend.
- Vers 3a: Die volk voel egter hulle vas en verootmoedig hulle voor die Here, maar die Here sien dit eenvoudig nie raak nie.
- Vers 3b-4: Die Here oordeel hulle vas verkeerd: Hulle vas, maar terselfdertyd doen hulle besigheid, jaag hulle werknemers aan, twis hulle en maak rusie.
- Vers 5: Die Here vra of hulle dink hulle optrede is werklike verootmoediging, of hulle dink hulle vasdae dra werklik die Here se goedkeuring weg?
- Vers 6: Die Here sê Hy wil eerder sien dat hulle die boeie van goddeloosheid losmaak.
- Vers 7: Die Here wil eerder sien dat hulle vir die hongeriges brood gee, en vir die haweloses onderdak bied.
- Vers 9: As hulle dit doen, dan sal die Here antwoord as hulle roep.

Die volk het hulle dus skuldig gemaak daaraan om wel die uiterlike rituele, soos om te vas, nagekom het, maar hulle het dit met verdeelde aandag gedoen, deur eintlik maar net voort te gaan om te doen wat hulle wil.

In verse 13 en 14 val die fokus op die sabbatdag. Lees dit. (Let op die onderskrif in die 2020 DAV: “As jy jou voet terughou op die sabbat” beteken: As jy nie op die sabbat besigheid doen of reise onderneem nie.) Barret skryf oor hierdie twee verse, en hy sê daar is drie sake waarvan ons moet kennis neem:

- Erken die heiligheid van die sabbatdag: Om die heiligheid van die sabbatdag te erken, beteken om te erken dat die sabbatdag anders is as die ander dae. Op hierdie dag moet ons anders optree as op die ander dae. Daar is dinge wat heeltemal aanvaarbaar is op die ander dae, wat nie aanvaarbaar is op die sabbatdag nie. Die sabbatdag is heilig.
- Neem kennis van die vereistes van die sabbatdag:

    - Op die sabbatdag weerhou jy jou daarvan om te doen wat jy wil, jy doen nie wat jy gewoonlik doen nie, soos besigheids- en saketransaksies nie.
    - Die sabbatdag moet 'n dag wees waarop jy eerbied toon vir dit wat heilig is vir die Here. Die sabbatdag moet 'n dag van vreugde wees – waarop ons immers dink oor ons Here as die Skepper en Verlosser – dit is tog rede vir vreugde.
- As jy die sabbatdag onderhou soos wat die Here wil, dan kan jy die Here se seën verwag
    - Dan sal jy vreugde vind by die Here
    - Dan sal die Here jou die erfenis van jou vader Jakob laat geniet. Watter erfenis is dit? Dit was tog sekerlik die vervulling van die beloftes van die Here aan Abraham – dit sluit tog sekerlik die beloofde land in, die beloofde land wat natuurlik simbool is van die ewige rus waarna ons as gelowiges nog uitsien.

Barret sê dit gebeur dikwels as hy lering gee oor die sabbatdag, dat mense vir hom vra: Sê tog net vir ons wat moet of mag ons doen op 'n Sondag, en wat nie. En daar is sekerlik baie vrae wat ons kan vra: Moet ons op 'n Sondag kerk toe gaan? Moet ons twee keer op 'n Sondag kerk toe gaan? Mag ek op 'n Sondagmiddag slaap? Mag ek op 'n Sondag 'n sportgeleentheid bywoon? Mag ek sport op TV kyk? Mag ek saam met vriende kuier? Mag ek gaan uiteet? Mag ek 'n storieboek lees? Moet ek net geestelike boeke lees? Mag ek van my daaglikse werk doen?

Barret sê hy het hom nog altyd daarvan weerhou om detail uitsprake te gee oor sulke vrae. Hy sê sy antwoord is deurgaans: Meet die aktiwiteit waaroor jy wonder aan die vereistes vir die sabbatdag in Jes 58:

- As jy die aktiwiteit sou doen – sou jy dan die sabbatdag gebruik om net besig wees om te doen wat jy wil en wat jy op enige ander dag ook sou doen?
- As jy die aktiwiteit sou doen – sou jy dan met oortuiging kon sê dat jy op die sabbatdag besig was om eerbied te toon vir wat heilig is vir die Here, om spesifiek te dink aan die Here en Sy werk – Sy skeppingswerk en Sy verlossingswerk?

Ek dink Barret het 'n punt beet. Maar ek dink ons moet ook onthou die dissipels van die Here Jesus – het op 'n sabbatdag are gepluk, en die Here Jesus het dit nie veroordeel nie. Het die are pluk voldoen aan bogenoemde riglyne uit Jes 58? Sekerlik nie direk nie, maar heelwaarskynlik wel indirek: dit was heelwaarskynlik nie al wat hulle op die sabbatdag gedoen het nie. Daar word baie insidente in die evangelies beskryf waarmee Jesus en die dissipels tipies op die sabbatdag besig was. Die are pluk het seker bygedra dat hulle kon fokus op daardie aktiwiteite wat wel aan die riglyne voldoen. Die punt wat ek probeer maak is dat die fokus van ons sabbatdag viering moet voldoen aan daardie riglyne, maar dit mag wees dat daar ook ander aktiwiteite is wat daardie hooffokus hoogstens ondersteun, maar daarom ook toelaatbaar is. Onthou ook: die Here Jesus het die Fariseërs veroordeel omdat hulle die heeltyd wou hare kloof oor wat gedoen en nie gedoen mag word nie. Ons moet op 'n hoër vlak dink as bloot wat mag en wat mag nie. Die vraag is: Gebruik ek die sabbatdag as 'n hulp om die Here met kennis en oortuiging te aanbid?